




GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2009

10710

REKENINGKUNDE

18 bladsye

REKENINGKUNDE (Vraestel)
ACCN



107 1 0A

12

X05



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n antwoordboek.
 - Die vraestel bestaan uit 6 verpligte vrae. Beantwoord AL die vrae.
 - Gebruik die formate aan jou voorsien vir jou antwoorde.
 - Toon alle berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.
 - Probeer om by die voorgestelde tydsindeling te hou.
 - Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
 - Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
-
-

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die volgende leeruitkomst is gedek:
Bankversoening en interne kontrole	LU1 Finansiële inligting - AS4 Analiseer en interpreteer rekonsiliasies LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne kontroleprosesse toe

VRAAG 2: 35 punte; 21 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die volgende leeruitkomst is gedek:
Kontantbegroting	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS3 Analiseer en interpreteer kontantbegroting LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne kontrole- en auditprosesse toe

VRAAG 3: 50 punte; 30 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die volgende leeruitkomst is gedek:
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS2 Voorbereiding, analisering en verslagdoening van koste-inligting LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne kontrole- en auditprosesse toe

VRAAG 4: 65 punte; 39 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die volgende leeruitkomst is gedek:
Finansiële state van 'n maatskappy	LU1 Finansiële inligting - AS5 Stel finansiële state op - AS6 Analise van auditverslag LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Etiek

VRAAG 5: 75 punte; 45 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die volgende leeruitkomst is gedek:
Kontantvloei en vertolking van 'n maatskappy	LU1 Finansiële inligting - AS5 Die opstel en vertolking van finansiële state LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne kontrole- en auditprosesse toe

VRAAG 6: 35 punte; 20 minute

Die onderwerp van die vraag is:	Die volgende leeruitkomst is gedek:
Voorraadstelsels	LU3 Bestuur van hulpbronne - AS3 Gebruik verskillende waardasiestelsels - AS6 Pas interne kontrole- en auditprosesse toe

VRAAG 1**BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE (40 punte, 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting aangaande Happy Handelaars.

GEVRA:

- 1.1 Verduidelik waarom dit vir 'n onderneming belangrik is om elke maand 'n bankrekonsiliasiestaat op te stel. (3)
- 1.2 Bereken die korrekte totale vir die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Augustus 2009. (10)
- 1.3 Voltooi die bankrekening in die Algemene Grootboek op 31 Augustus 2009. (6)
- 1.4 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Augustus 2009 op. (10)
- 1.5 **Verwys na inligting 3 hieronder.**
- Bereken die bedrag wat in die vaste deposito belê is. (3)
 - Watter raad sal jy gee om rente op 'n oortrokke bankrekening te vermy? Verduidelik kortliks. (2)
- 1.6 **Verwys na inligting 4 hieronder.**
- Verduidelik waarom die interne ouditeur bekommerd behoort te wees oor die uitstaande deposito van R23 556. (3)
 - Verduidelik hoe tjek nr. 599 hanteer moet word wanneer die Finansiële State op 31 Augustus 2009 opgestel word. Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (3)

INLIGTING:

1. Aan die einde van die vorige maand, 31 Julie 2009, het die volgende items in die bankversoeningstaat voorgekom:

- Gunstige saldo in die grootboek van Happy Handelaars, R6 325
- Gunstige saldo op die bankstaat, R2 575
- Uitstaande deposito, gedateer 31 Julie 2009, R19 700
- Uitstaande tjeks:
 - Nr. 001 (gedateer 12 Februarie 2009), R8 900
 - Nr. 213 (gedateer 1 April 2009), R3 400
 - Nr. 313 (gedateer 28 Augustus 2009), R7 860

Let wel: Slegs tjek nr. 313 het op die Bankstaat vir Augustus 2009 voorgekom.

2. Op 31 Augustus 2009 was die Joernale se voorlopige totale as volg:

- Kontantontvangstejoernaal R87 000
- Kontantbetalingsjoernaal R109 000

3. Die volgende items het op die Bankstaat voorgekom, maar nie in die joernale vir Augustus 2009 nie:

- Direkte deposito deur 'n debiteur, T. Twala, R3 500
- Bankkoste, R656
- Rente op vaste deposito vir Augustus 2009 (10% p.j.) R900
- Rente op oortrokke bankrekening vir Augustus, R989
- Debietorder ten gunste van Safeway Versekeraars, R770
- Geweierde tjek op 31 Augustus 2009, oorspronklik ontvang van 'n debiteur, C. Cheat, R2 600

4. Die volgende verskille is opgemerk:

- Tjek nr. 415 vir herstelwerk is in die KBJ as R1 779 getoon, maar verskyn op die Augustus-bankstaat as R1 997. Die Bankstaat se bedrag is korrek.
- 'n Deposito van R19 700 het op 1 Augustus 2009 op die Bankstaat voorgekom, maar dit het nie in die KOJ vir Augustus voorgekom nie.
- 'n Deposito van R23 556 gedateer 27 Augustus 2009 het in die KOJ vir Augustus voorgekom, maar nie op die Bankstaat vir Augustus nie.
- Die volgende tjeks het in die KBJ vir Augustus verskyn, maar nie op die Bankstaat nie:
 - Nr. 555 (gedateer 23 Augustus 2009), R5 678
 - Nr. 599 (gedateer 31 Desember 2009), R4 999

5. Op 31 Augustus 2009 het die Bankstaat 'n ongunstige saldo van R17 087 getoon.

VRAAG 2**BEGROTING****(35 punte; 21 minute)****VOORLEGGING VAN 'N KONTANTBEGROTING**

Jy word voorsien van die Kontantbegroting van Sebata Winkels vir die drie maande geëindig 31 Mei 2010.

GEVRA:

- 2.1 Wat is die doel van die Kontantbegroting? (2)
- 2.2 Die huur styg jaarliks op 1 April. Met watter persentasie sal die huur op 1 April 2010 styg? (4)
- 2.3 Waardevermindering beloop R4 600 per maand, maar verskyn nie in die Kontantbegroting nie. Is dit 'n fout? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)
- 2.4 Bally, die eienaar, het aansoek gedoen om sy lening van R120 000 tot R300 000 te verhoog. Hy verwag dat dit goedgekeur sal word en dat die geld in Maart 2010 beskikbaar sal wees. Bereken die lening se rentekoers. (6)
- 2.5 Bereken wat die winsopslag op kosprys is, as aanvaar word dat krediteure na 60 dae betaal word en dat 30% van alle voorraad op krediet aangekoop word. (Voorraad word in dieselfde maand vervang.) (8)
- 2.6 Salarisse en Lone vir Maart en April is hoër as gewoonlik, omdat die eienaar twee studente vir die twee maande in diens geneem het. Wat het elkeen van die studente verdien en was dit 'n goeie besluit? Verskaf 'n rede. (3)
- 2.7 Wat sal die kontantsurplus (of tekort) vir Mei 2010 wees en waaraan kan dit toegeskryf word? (4)
- 2.8 Bereken die banksaldo op 31 Mei 2010. (3)
- 2.9 Waarom moet Bally baie versigtig wees met die surplus kontant voorhande op 31 Mei 2010? (2)

Sebata Winkel is 'n eenmansaak en is in die Strand geleë. Die eienaar, Bally Voice, het die onderstaande begroting opgestel.

SEBATA WINKEL**KONTANTBEGROTING VIR DIE DRIE MAANDE GEËINDIG 31 MEI 2010**

	2010 MAART	2010 APRIL	2010 MEI
KONTANTONTVANGSTE	338 800	460 000	140 000
Kontantverkope	338 800	280 000	140 000
Lening		180 000	
KONTANTBETALINGS	239 800	254 520	396 910
Kontantaankope van voorraad	169 400	140 000	70 000
Betalings aan krediteure (na 60 dae)	33 600	78 140	72 600
Salarisse en lone	12 000	12 000	9 000
Huur	7 800	8 580	12 580
Advertensies	2 000	2 000	
Ander oorhoofse kostes	12 400	11 200	8 230
Voertuie			68 000
Konstruksie van restaurantafdeling			150 000
Rente op lening	1 400	1 400	3 500
Terugbetaling van lening	1 200	1 200	3 000
Surplus (tekort) vir die maand	99 000	205 480	?
Kontant aan begin van die maand	(21 100)	?	?
Kontant aan die einde van die maand	?	?	?

VRAAG 3

VERVAARDIGING

(50 punte; 30 minute)

3.1 PRODUKSIEKOSTESTAAT EN PERIODIEKE VOORRAAD

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met Shaid Skoenvervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2008.

Die onderneming vervaardig skoene en verkoop dit teen 'n winsopslag van 50% op kosprys. Hulle maak van die deurlopendevoorraad-stelsel gebruik vir klaar-produkte en van die periodieke stelsel vir grondstowwe en indirekte materiaal.

GEVRA:

3.1.1 Stel die notas vir die berekening van Grondstofkoste en Fabrieksbokoste op. (24)

3.1.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2008 op. (12)

INLIGTING:

1. Die volgende **saldo's** het, onder andere, aan die begin en einde van die finansiële jaar in die grootboek voorgekom.

	1 Januarie 2008	31 Desember 2008
Grondstofvoorraad	360 000	?
Goedere-in-bewerking-voorraad	68 200	?
Klaarprodukte-voorraad	750 000	110 000
Indirektefabrieksmateriaal-voorraad	64 000	27 000

2. Transaksies gedurende die jaar:

- Grondstowwe vir kontant aangekoop, R356 000
- Grondstowwe op krediet gekoop, R490 000
- Grondstowwe vir produksie uitgereik, R540 000
- Grondstowwe deur die fabriek aan die plaaslike skool geskenk, R10 000
- Vervoerkoste van grondstowwe na die fabriek, R29 500
- Indirekte fabrieksmateriaal kontant aangekoop, R79 000
- Indirekte fabrieksmateriaal aan verskaffer teruggestuur, R12 000
- Lone betaal aan fabriekswerkers wat die skoene vervaardig, R756 000
- Salarisse aan werknemers betaal, R478 000. Ingesluit by hierdie bedrag is die fabrieksvoorman se salaris van R120 000.
- Kommissie op verkope, R90 000 (alle verkope is onderhewig aan 'n kommissie van 3%)
- Instandhouding van fabriekstoerusting betaal, R23 000
- Water en elektrisiteit betaal, R49 000 (dit moet verdeel word tussen die fabriek-, kantoor- en verkoopsafdeling in die verhouding 4: 2: 1 onderskeidelik)
- Huur betaal, R157 200 (dit moet tussen die onderskeie departemente verdeel word volgens vloeroppervlakte – die fabriek beslaan 70% van die totale area). Die huur vir Januarie 2009 is vooruit betaal en die huurooreenkoms maak voorsiening vir 'n jaarlikse verhoging van 10% op 1 Januarie elke jaar. Shaid Skoenvervaardigers hou by die huurooreenkoms.

- Waardevermindering op die fabriekstoerusting beloop R72 400.
- Oninbare skuld, R34 000

3.2 EENHEIDSKOSTE

Jy word voorsien van inligting aangaande Gcenaphi Verwarmers, 'n onderneming wat slegs een soort verwarmers vervaardig.

GEVRA:

- 3.2.1 Bereken die bruto wins. (3)
- 3.2.2 Verduidelik waarom dit belangrik is vir 'n vervaardigingsonderneming om die eenheidskoste en die gelykbreekpunt elke maand te bereken. (3)
- 3.2.3 Bereken die gelykbreekpunt vir 2008. (5)
- 3.2.4 Lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt wat by Vraag 3.2.3 bereken is. Behoort die onderneming tevrede te wees met die hoeveelheid eenhede wat tans vervaardig word? Verduidelik jou antwoord. (3)

INLIGTING:

1. Daar was geen goedere in bewerking aan die begin of einde van die finansiële jaar nie.
2. Alle verwarmers is teen 'n vaste prys van R114 elk in 2008 verkoop.
3. Direkte materiaalkoste per verwarmers, R25
4. Primêre koste per verwarmers, R55
5. Totale produksiekoste van voltooide verwarmers, R760 000
6. Aantal verwarmers voltooi gedurende die jaar, 10 000
7. Aantal verwarmers verkoop gedurende die jaar, 12 000
8. Die eenheidskoste van die onverkoopte verwarmers aan die begin van die finansiële jaar was dieselfde as daardie wat gedurende die jaar vervaardig is.
9. Administrasiekoste vir die jaar beloop R240 000.
10. Verkoops- en verspreidingskoste vir die jaar beloop R117 000.
11. Getal onverkoopte verwarmers aan die einde van die finansiële jaar, 300

Gcenaphi Verwarmers gebruik die EIEU-waardasiemetode vir klaarprodukte.

VRAAG 4

MAATSKAPPYVERSLAGDOENING

(65 punte; 39 minute)

4.1 SEBENZA BEPERK

Jy word van inligting voorsien wat betrekking het op **SEBENZA BEPERK**. Die maatskappy verkoop vermaaklikheidstoerusting.

GEVRA:

4.1.1 Verduidelik die volgende konsepte aangaande maatskappye:

- Aparte regspersoonlikheid (2)
- Beperkte aanspreeklikheid (2)

4.1.2 Bereken die korrekte netto wins voor belasting. (10)

4.1.3 Voltooi die Vaste Bate-aantekeninge (nota) by die finansiële state op 31 Desember 2008. (12)

4.1.4 Voltooi die Balansstaat op 31 Desember 2008.
(Waar die aantekeninge/nota nie gevra is nie, moet berekeninge in hakies getoon word.)
NB. Sommige syfers is verskaf. (27)

INLIGTING:

1. Syfers geneem uit die Grootboekrekeninge op 31 Desember 2008:

Gewone aandelekapitaal (R5 pari-waarde)	R 800 000
Vaste deposito: Slamo Bank	30 000
Vaste deposito: Jigzo Bank	95 000
Krediteurekontrole	18 600
Kleinkas	7 000
Gewone Aandelepremie	80 000
Toerusting	575 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	86 000
Verbandlening van Palmbank	?
Bank	6 000(Kt)
Waardevermindering	27 000
Direkteursvergoeding	38 000

2. Aansuiwerings en addisionele inligting:

Die syfers in die Vooraansuiweringsproefbalans het aangedui dat die netto wins voor belasting R343 500 beloop, maar die volgende aansuiwerings is nog nie in berekening gebring nie:

- 2.1 Die maatskappy het addisionele toerusting ter waarde van R170 000 op 31 Desember 2008 op krediet gekoop. Die toerusting is afgelewer, maar geen inskrywing is hiervan gemaak nie.
- 2.2 Waardevermindering op toerusting, R27 000 is geboekstaaf. By ondersoek is gevind dat die bedrag R22 000 moes gewees het.
- 2.3 Die syfer vir Handels- en ander Ontvangbares is **korrek**. Die boekhouer het egter die Handelsvoorraadtekort van R19 000 en die afname in die voorsiening vir oninbare skuld van R5 000 tot R4 500 uit die wins-en-verliesrekening weggelaat.
- 2.4 Volgens hulle kontrakte is die direkteure geregtig op die volgende fooie per jaar:
Snow R30 000 en White R23 000. White se fooie is ten volle betaal. Snow is 50% van die bedrag aan haar verskuldig, betaal. Voorsien vir Snow se uitstaande bedrag.
- 2.5 Rente op die lening word gekapitaliseer. Die leningstaat van Palmbank op 31 Desember 2008 het soos volg daar uitgesien:

Saldo op 1 Januarie 2008	320 000
Rente gehef	47 600
Maandelikse betalings insluitende rente aan Palmbank volgens die leningsooreenkoms (12 maande x R6 000)	72 000
Saldo op 31 Desember 2008	?

- Die rente vir die jaar is nog nie geboekstaaf nie.
 - Kapitaalbetalings op die lening sal R8 500 per maand beloop vir die volgende finansiële jaar.
- 2.6 Die Vaste Deposito by Jigzo Bank gaan op 1 April 2009 verjaar.
 - 2.7 Geen geld is aan SAID verskuldig vir inkomstebelasting of BTW nie. Beide hierdie rekeninge het debietsaldo's.
 - 2.8 Volgens die Bankstaat is Tjek Nr. 786 vir R2 000 uitgereik aan 'n krediteur, nog nie by die bank vir betaling aangebied nie omdat dit vooruitgedateer is.
 - 2.9 Sebenza Beperk het, as gevolg van die swak ekonomiese toestande se impak op die wins, nie 'n finale dividend verklaar nie.

- 2.10 Die huurooreenkoms met die nuwe huurder het die volgende klousule ingesluit: Die huur van R2 400 per maand vir die tydperk 1 April 2008 – 31 Desember 2008 moet gebruik word om die bestaande toerusting van Sebenza Beperk op te knap. Die huurder het die ooreenkoms nagekom en die toerusting van Sebenza Beperk is opgegradeer. Geen inskrywings is nog in hierdie verband geboekstaaf nie.

4.2 KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDIT

Bestudeer onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat volg.

DIE VERSKIL TUSSEN OUDITKUNDE EN REKENINGKUNDE

Oor die algemeen is rekeningkunde die opskryf van boeke en die voorbereiding van finansiële state, terwyl ouditkunde die nagaan van inkomste en uitgawes asook die ondersoek van bates en laste is ten einde die ouditeur in staat te stel om 'n auditverslag op te stel

- 4.2.1 Waarom word daar na ouditeure verwys as 'onafhanklike ouditeure'? (2)
- 4.2.2 Daar word 'n verkorte Inkomstestaar in die jaarverslag voorgelê. Daar word hierna verwys as die 'statutêre Inkomstestaar'. Verduidelik waarom dit rekeningkundig aanvaarbaar is om 'n verkorte Inkomstestaar te verskaf in plaas van die volledige Inkomstestaar. Noem TWEE punte. (4)
- 4.2.3 Noem EEN gevolg vir 'n onafhanklike ouditeur indien hy/sy nalatig was in die uitvoering van sy/haar pligte. (3)
- 4.2.4 Die King-kode wat in Suid-Afrika ontwikkel is, noem **sewe belangrike** kenmerke vir goeie bestuur: Dissipline, onafhanklikheid, maatskaplike kwessies en verantwoordelike bestuur is 'n paar van hulle. Kies enige **een kenmerk wat nie genoem is nie** en verduidelik wat daarmee bedoel word. (3)

VRAAG 5**KONTANTVLOEI EN DIE VERTOLKING VAN 'N MAATSKAPPY (75 punte; 45 minute)**

Die gegewe inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Gr8 Xpectations Beperk op 30 Junie 2009, die laaste dag van hulle finansiële jaar. Gr8 Xpectations Beperk is 'n openbare maatskappy wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer (JEB) is. Hulle kantore is in Pretoria en hulle verkoop kantoortoerusting en skryfbehoeftes.

GEVRA:

- 5.1 Wat is die doel van 'n Kontantvloeistaat? (2)
- 5.2 Bereken die ontbrekende syfers in die Kontantvloeistaat. Die ontbrekende syfers is genummer (a) tot (i). (18)
- 5.3 Bestudeer die voltooide Kontantvloeistaat en die Aantekeninge/nota by die Kontantvloeistaat en beantwoord die volgende vrae:
 - 5.3.1 Waarom word waardevermindering by die wins voor belasting bygetel wanneer die kontant gegenereer uit bedrywighede bereken word? (2)
 - 5.3.2 Waarom is meer aandele uitgereik toe die maatskappy 'n wins gemaak het? (2)
- 5.4 Bereken (tot een desimale plek), tensy anders gevra, die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 30 Junie 2009.
 - 5.4.1 Winsopslagpersentasie (brutowins-persentasie) op koste van verkope (3)
 - 5.4.2 Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwhiteit (na belasting) (4)
 - 5.4.3 Verdienste per aandeel (3)
 - 5.4.4 Netto batewaarde per aandeel (3)
 - 5.4.5 Skuld-ekwhiteit-verhouding (tot 2 desimale plekke) (3)
- 5.5 Winsgewendheid:
 - 5.5.1 Die onderneming mik na 'n winsopslag van 70% op kosprys. Gee DRIE moontlike redes waarom Gr8 Xpectations Beperk nie hulle beoogde winsopslag bereik het nie. (3)
 - 5.5.2 Beveel DRIE interne beheermaatreëls aan waarmee bestuur diefstal van voorraad deur klante en werknemers kan voorkom. (3)

5.6 Likiditeit:

5.6.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen die bedryfskapitaalverhouding en die vuurproefverhouding. (2)

5.6.2 Lewer kommentaar oor die likiditeit van Gr8 Xpectations Beperk. Haal enige DRIE relevante finansiële aanwysers uit die vraag aan om jou mening te staaf. (9)

5.7 Jy het besluit om in Gr8 Xpectations Beperk te belê. Verduidelik en haal enige TWEE finansiële aanwysers uit die vraag aan om jou besluit te ondersteun. (6)

5.8 Gr8 Xpectations het 'n werknemers-aandeeskema op 1 Julie 2004 ingestel. Die volgende uitreikings is volgens die skema aan geskikte werknemers gedoen:

Julie 2004	50 aandele per werknemer
Desember 2006	95 aandele per werknemer
Februarie 2009	165 aandele per werknemer

Een van die werknemers, I.M. Ntrouble, ondervind finansiële probleme en het toestemming van die direkteur van Gr8 Xpectations Beperk gekry om haar aansporingsaandele te verkoop. Sy was 'n werknemer van Gr8 Xpectations Beperk sedert Januarie 2003.

5.8.1 Hoeveel aandele sal I.M. Ntrouble besit op 30 Julie 2009? (3)

5.8.2 Bereken die totale dividend wat sy in die 2009 finansiële jaar sou ontvang het. (3)

5.8.3 Die markprys in ag genome, hoeveel geld sal sy ontvang indien sy sou besluit om haar aandele op die JEB op 30 Junie 2009 te verkoop? (3)

5.8.4 Gedurende die algemene jaarvergadering (AJV) het een van die aandeelhouders die bestaan van 'n werknemers-aandeeskema bevraagteken. As besturende direkteur van Gr8 Xpectations Beperk, verduidelik aan die aandeelhouer hoekom so 'n skema nodig is. (3)

INLIGTING:

**GR8 XPECTATIONS
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2009**

Verkope	7 294 000
Koste van verkope	(4 386 400)
Bruto wins	2 907 600
Bedryfsuitgawes	(1 359 640)
Waardevermindering	356 475
Diverse uitgawes	1 003 165
Wins-voor-rente-uitgawe	1 547 960
Rente uitgawe	(276 875)
Wins voor belasting	1 271 085
Belasting	(355 905)
Netto wins (na belasting) vir die jaar	915 180

**GR8 XPECTATIONS
BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2009**

	2009	2008
BATES		
Nie-bedryfsbates	17 354 775	16 117 500
Grond, geboue en toerusting	16 104 775	15 117 500
Finansiële bates	1 250 000	1 000 000
Bedryfsbates	1 716 575	1 384 350
Voorraad	733 125	609 690
Handels- en ander ontvangbares	819 875	774 660
Kontant en kontantekwivalente	163 575	—
TOTALE BATES	19 071 350	17 501 850
EKWITEIT EN LASTE		
Gewone aandeelhoudersbelang	16 941 490	14 581 310
Gewone aandelekapitaal (R8 pariwaarde)	10 600 000	9 540 000
Aandelepremie	4 125 000	3 500 000
Behoue inkomste	2 216 490	1 541 310
Nie-bedryfslaste	1 250 000	1 000 000
Verbandlenings	1 250 000	1 000 000
Bedryfsbates	879 860	1 920 540
SAID (Inkomstebelasting)	169 310	231 765
Aandeelhouders vir dividende	530 000	500 000
Handels- en ander betaalbares	180 550	399 740
Oortrokke bank	—	789 035
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	19 071 350	17 501 850

GR8 XPECTATIONS BEPERK
KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2009

	Notas	R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		(a)
Kontant gegenereer uit bedrywighede	1	1 516 595
Rente betaal		(b)
Dividende betaal		(c)
Belasting betaal		(418 360)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(906 250)
Aankope van nie-bedryfsbates		(d)
Opbrengs uit verkoop van nie-bedryfsbates		(e)
Toename in beleggings		(250 000)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		(f)
Opbrengs uit uitreik van aandele		(g)
Opbrengs uit aangaan van langtermynlenings		250 000
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente		(h)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		(789 035)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		(i)

AANTEKENINGE BY DIE KONTANTVLOEISTAAT

1. REKONSILIASIE TUSSEN WINS VOOR BELASTING EN KONTANT UIT BEDRYWIGHEDDE GEGENEREER	
Wins voor belasting	1 271 085
Aansuiwerings as gevolg van:	633 350
Rente betaal	276 875
Waardevermindering	356 475
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	1 904 435
Veranderinge in bedryfskapitaal	(387 840)
Toename in voorrade	(123 435)
Toename in handels- en ander ontvangbares	(45 215)
Afname in handels- en ander betaalbares	(219 190)
Kontant uit bedrywighede gegenereer	1 516 595

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Nuwe aandele is op die eerste dag van die huidige finansiële jaar uitgereik.
2. Toerusting is teen drawaarde gedurende die jaar verkoop.
3. 'n Addisionele gebou is teen 'n koste van R1 000 000 gedurende die jaar opgerig.
4. Dividende is as volg:

Besonderhede	Per aandeel	Verklaar	Betaal
Tussentydse dividend 2009	30 sent	31 Desember 2008	31 Desember 2008
Finale dividend 2009	40 sent	30 Junie 2009	25 Augustus 2009

5. Die markwaarde van die aandele op die JEB is 1100 sent op 30 Junie 2009.
Dit verteenwoordig 'n 5%-verbetering op die vorige jaar.
6. Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

	2009	2008
%-toename in verkope	16,3%	12,5%
%-winsopslag op kosprys	?	68%
%-bedryfsuitgawes op verkope	18,7%	22,5%
%-nettowins op verkope	12,6%	12,2%
Bedryfskapitaalverhouding	1,95 : 1	0,72 : 1
Vuurproefverhouding	1,12 : 1	0,40 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	3,3 keer	5,9 keer
Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn	66,5 dae	77,5 dae
Gemiddelde krediteurebetalingstermyn	60,4 dae	100,7 dae
%-opbrengs op aandeelhouersekuiteit (na belasting)	?	4,6%
%-opbrengs op kapitaal aangewend (voor belasting)	10,1%	7,0%
Netto batewaarde per aandeel	?	1 223 sent
Dividende per aandeel	70 sent	90 sent
Verdienste per aandeel	?	62,1 sent
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,07 : 1

VRAAG 6

VOORRAADWAARDASIE

(35 punte; 20 minute)

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Goodie2Shoes.

INLIGTING:

Goodie2Shoes koop en verkoop een tipe skoene. Die onderneming maak gebruik van die periodieke voorraadstelsel en die geweegegemiddelde-voorraadwaardasiestelsel.

Voorraad:

- 145 pare skoene was voorhande teen R180 per paar op 1 Augustus 2009.
- 125 pare skoene is gekoop teen R210 per paar op 7 Augustus 2009.
- Een van die verskaffers het 'n uitverkoop gehad. Koop 100 pare skoene vir R11 000 op 20 Augustus 2009.
- 110 pare skoene is teen R230 per paar ingevoer op 26 Augustus 2009. Doeaneregte van R3 610 is betaal.
- 140 pare skoene was voorhande op 31 Augustus 2009.

Skoene word teen R400 per paar verkoop.

GEVRA:

- 6.1 Bereken die geweegegemiddelde-waarde per eenheid op 31 Augustus 2009. (9)
- 6.2 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 31 Augustus 2009. (Rond af tot die naaste Rand.) (3)
- 6.3 Stel die Handelsrekening op om die bruto wins te bepaal vir die maand geëindig 31 Augustus 2009. (11)
- 6.4 Die eienares, Bongsi Modiba, wil haar besigheid verkoop. Sy het jou as rekenmeester van Goodie2Shoes genader en gevra dat jy die voorraadwaardasie-metode na die EIEU-metode moet verander om 'n groter wins en 'n hoër eindvoorraad vir die onderneming te skep, sodat sy haar onderneming teen 'n veel hoër prys kan verkoop.
 - 6.4.1 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 31 Augustus 2009 deur die EIEU-waardasiemetode te gebruik. (7)
 - 6.4.2 Sal dit eties wees van Bongsi Modiba om die voorraadwaardasie-metode te verander? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (5)

35

TOTAAL: 300

EINDE